

# *Inhoudsopgawe*

## **Inleiding**

### **Huisbesoekstukke**

Nr	Skrifgedeelte	Bladsy
1	Psalm 117	3
2	Psalm 57	5
3	Lukas 11: 5 – 13	6
4	2 Korintiërs 12: 1 – 10	7
5	Hebreërs 9: 11 – 21	9
6	Johannes 15: 1 – 11	10
7	Handelinge 2: 37 – 47	12
8	Johannes 6: 1 – 15	14
9	1 Korintiërs 11: 17 - 34	15
10	1 Johannes 4: 7 – 21.	16
11	Openbaring 19: 1 - 10	18
12	Prediker 12: 1 - 8	19
13	Jesaja 55	21
14	Psalm 84	22
15	Joël 2: 16	24
16	Psalm 30: 5	25
17	Romeine 12: 1 – 8	26
18	Psalm 73	27
19	Psalm 92	28
20	Jesaja 38: 17	30
21	Psalm 128	31
22	Maleagi 1:13	32
23	Job 42:2	33

## Inleiding

Wanneer u op huisbesoek is, bly asseblief stiptelik by u opdrag: u is deur God gestuur om sy kinders te gaan vertroos en versterk. Indien dit nodig is moet u diegene wat in sonde verhard, waarsku of tug.

- Waak daarteen dat u nie lidmate by mekaar bespreek nie.
- Moet onder geen omstandighede praat oor waar die kerkraad foute maak (of gemaak het) of inkonsekwent optree volgens u oordeel nie. Al wat u daarmee bereik, is dat mense hulle vertrouwe in u verloor en dink dat u loop en skinder. U is deel van die kerkraad en deel van die besluitneming.
  - As daar 'n besluit geneem word deur die kerkraad waarmee u nie saamstem nie, is dit u goeie reg om binne drie weke nadat die besluit geneem is, daarteen appèl aan te teken na die Klassis toe om die besluit te toets.
  - Tydens die tydperk van appèl bly die besluit van die kerkraad van krag.
  - 'n Ouderling wat by huisbesoek uitpraat oor lidmate wat sulke en wat ander sondes doen, en hoe verkeerd die kerkraad dit hanteer, kan onmiddelik geskors en afgesit word, omdat die ouderlingevergadering 'n geslote vergadering is. Dit beteken dat elke besluit wat daar geneem word, vertroulik en in kamera is. Slegs die persone oor wie se sondes besluit is, mag weet wat die besluit aangaande hulle is - hulle word ook deur die kerkraad ingelig oor die besluit.

Mag die Here u werk seën wanneer u op huisbesoek is. Mag Hy self met sy Gees u lei om in elke huis sy Woord te laat hoor en sy wil te verkondig. Mag Hy gee dat die lidmate wat aan u toevertrou is, u met vreugde volg na die Here se troon toe.

Die onderstaande stukke is voorberei vir moontlike gebruik by huisbesoek.

Daar word aan die hand gedoen dat die huisbesoek moontlik soos volg ingeklee word:

- Groet en vra uit na die gesin se welstand.
- Vra uit en gesels oor kerklike meelewing.
- Moenie oor rugby en politiek en wat alles nog sit en gesels nie, want jy is nie daar om te kuier nie. Jy is daar omdat die Here jou as sy dienskneg gestuur het om sy Woord en sy genade te gaan bedien.
- Vra uit of die nodige begeerte daar is om die Heilige Nagmaal te vier.

NB: Moet nie die lidmate uitnoui om te kom Nagmaal vier nie. Die Here nooi hulle nie. Hulle is verplig om te kom, want God roep hulle op na sy Tafel toe. Hy wil weer die genadeverbond in Jesus Christus met hulle bevestig. Daarom is elkeen verplig om te kom Nagmaal gebruik, tensy daar iets baie ernstigs is wat hom/haar daarvan weerhou.

- Lees die betrokke gedeelte en doen 'n kort bypassende bespreking.
- Doen 'n gebed.
- Skep 'n paslike geleentheid om te groet en te loop.

## **Huisbesoekstukkies 1.**

Psalm 117.

### **1. Inhoud.**

Dit gaan oor die trou en die liefde van die Here.

Die wydheid van God se krag en genade kom skerp uit in hierdie kort Psalm. Sy krag oorspan alle volke: Daarom beveel Hy hulle om Hom te loof. Die bevel van die Here is terselfdertyd die bewys van sy genade, omdat Hy tog nie bedoel dat alle volke en nasies Hom tevergeefs moet loof en prys nie.

Die Here openbaar baie duidelik dat die volke nie die God van Israel as hulle vyand moet sien nie. Alle volke en nasies op die hele aarde se stemme moet saam in een magtige koor inval waarin God geloof en gedank en geprys word.

Nagmaalviering is een van die geleenthede waar die Here ons prakties aan hierdie oproep van Hom herinner. Nagmaal is net 'n oproep met 'n plus, want daar getuig ons dat die Here ons nie net geroep het om Hom te prys nie: Hy het sy Seun laat sterf om vir al ons sondes te betaal, sodat ons as versoendes voor sy troon mag verskyn met ons lof en dank.

### **2. Toepassing.**

Kyk na die geweldige troos vir ons: ons hoef nie in vrees en bewing na die Here toe te gaan nie. Ons gaan as mense wat uit die heidendom uitgeruk is deur die bloed van Jesus Christus - mense wat saam met die kerk deur die eeue mag deel in die volle gemeenskap met God.

In sy genade (ontferming) buig die Here na ons toe en Hy roep ons op om Hom te aanbid. Hy roep ons op om in sy genade in te stap en daar in die volle rykdomme van sy heerlikheid te deel. Dink bv. aan die volgende: versoening, verlossing, bekering, gebed, herskepping, opstanding uit die dood, ewige lewe, volmaaktheid in die hiernamaals, die nuwe aarde waar dit ewig dag sal wees.

#### **2.1. Waar daar vrede is.**

Gesprek: Onderstreep die Here se liefde en trou oor ons. Spreek saam met die gesin dankbaarheid teenoor die Here uit vir die feit dat hulle nog gesond is; Dat daar nog werksgeleenthede is.

Bring die kinders ook onder die indruk van die getrouheid van God se liefde - veral t.o.v. die komende eindeksmens. Die Here se trou het nog altyd seën gegee oor die wat hard werk.

Vir die hele gesin is dit belangrik om weer saam te besin oor die wederkoms en die opstanding uit die dood, want die Nagmaal laat ons juis besef dat die dood van die Here Jesus ons die sekerheid gee dat ons bande met mekaar vir ewig sal bly bestaan.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

Let op dat die Here in sy trou nie die mense wat sondig en swak is, verwerp nie. Hy hef hulle op. God se genade is so groot dat Hy in hierdie Psalm selfs mense wat buite die liggaamlike verbond is (heidene) oproep om te deel in sy genade.

Hierdie Psalm is inderdaad 'n magsopenbaring waarin die Here wys dat Hy selfs normale grense deurbreek om genade en liefde aan mense te bewys.

Die genade is dat dit nie ons sonde is wat aan die einde van die dag die deurslag gee t.o.v. die mate van seën wat ons ontvang nie: Die trou van die Here bepaal dit. Daarom sal Hy ons altyd bystaan wanneer daar siekte of ernstige spanning is.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Die trou van die Here het twee kante: 'n oordeelskant en 'n genadekant. Die genadekant veroorsaak juis die oordeelskant. Die Here roep almal tot geloof en aanbidding. As Hy in hierdie Psalm die heidene oproep tot bekering, hoeveel te meer nie ons wat binne die verbond is nie !

As ons ongehoorsaam is, dan is die straf van die Here swaar: Wie Hom nie dien nie, word met die ewige dood gestraf. Dit is waarom die Nagmaalsformulier daarvan melding maak dat die wat in sondes (swak kerkbesoek, gebrekkige bydraes, ens.) volhard, 'n oordeel oor hulleself eet en drink.

Die verbondstrou van die Here is ewig, soos Hyself. Daarom is sy getrouheid oor die wat teen Hom bly sondig net so vas en seker. Maar straf is nie nodig nie, want waar daar bekering is, bly die straf van die Here weg, omdat dit vervang word met genade/vergewing. Die oproep van die Here bly staan: Kom loof die Here. Kom tot bekering en deel saam met die gemeente in die volle gemeenskap met die Here.

## **2.4. Dankbaarheid.**

Waar daar swak bydraes aan die Here gemaak word, kan iets in die volgende lyn aangebied word: Om die Here te loof, kom ook uit in ons dankoffers. Dit is waar dat ons baie verpligtinge het, maar die belofte van die Here in Psalm 117 is juis dat sy trou tot in ewigheid is. Sy vermoë om te voorsien waar ons te min het, is dus onbeperk. Iewers moet ons die Here dank. Ons het dus die verantwoordelikheid om toe te sien dat dit wat ons gee as 'n dankoffer, die seëninge van die Here oor ons weerspieël.

Bespreek ook die staatjie wat die kassier voorberei het. Daarop word baie duidelik aangetoon hoeveel die uitgawes van die kerk t.o.v. elke lidmaat is. Mense wat (berekend) te min bydraes gee, moet dus deur ander lidmate gedra word. Dit getuig nie van ware dankbaarheid teenoor die Here nie.

## **Huisbesoekstukkies 2.**

Psalm 57.

### **1. Inhoud.**

Dit gaan oor die trou en die liefde van die Here. Dawid was in doodsgevaar en hy het weggekuip. Tog was daar tyd om te bid: Wees my genadig, o God.

Uit sy gebed is sy absolute vertroue op die Here duidelik: Hy is baie seker dat hy by die Here kan skuil totdat die gevaar verbygegaan het. NB: Hy weet dat die gevaar sal verbygaan!

Hy weet ook dat die Here uit die hemel verlossing sal bewerk vir sy probleem. Daaruit word lewenskalmte gebore: My hart is gerus, o God, my hart is gerus; ek wil sing en psalmsing.

### **2. Toepassing.**

Daar is net een wapen waarmee ons elke donker wat die lewe oor ons laat val in lig en hoop kan omskep: Dit is met gebed. Dink maar net hoeveel kere het die Here deur siekte en selfs die dood nie in ons berusting bewerk nadat ons gebed het nie. Ons moet biddend lewe en van God sy seën afsmeek - dan gee die Here dit aan ons, soos aan Dawid.

#### **2.1. Waar daar vrede is.**

Gesprek: Onderstreep die Here se liefde en trou oor ons. Spreek saam met die gesin dankbaarheid teenoor die Here uit vir die feit dat hulle nog gesond is; Dat daar nog werksgeleenthede is. Bring die kinders ook onder die indruk van die getrouheid van God se liefde.

Ons gaan nou Nagmaal vier. Nagmaal is juis die sakrament wat ons laat onthou dat Jesus ook soos Dawid doodsoomblikke moes deurmaak. Dawid het vir Saul weggekuip, terwyl die tempelwagte Jesus in Getsemane gevang het. Die Here het Dawid beskerm en hy het veilig en sonder 'n letsel anderkant uitgekom. Maar met Jesus was dit anders. Hy het ook gebed vir beskerming: Laat hierdie beker by My verbygaan. Maar God wou dit anders hê. God het vir Jesus krag gegee na sy gebed sodat Hy kon opstaan en sy lyding en kruisiging tegemoetgaan sonder om daarvoor terug te deins.

Sy gebed om beskerming is nie verhoor nie, maar daar is 'n rede voor. Hy moes gestraf word vir alles wat ons verkeerd doen, sodat die Here nie nodig het om ons te straf nie. Al wat vir ons oorbly is die Here se liefde - dus beskerming en verhooring wanneer ons opreg bid.

Kom vier saam Nagmaal en word weer verseker van die Here se liefde en beskerming (gebedsverhooring oor ons) om Christus wil.

#### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Daar is net een wapen waarmee ons elke donker wat die lewe oor ons laat val in lig en hoop kan omskep: Dit is met gebed. Dink maar net hoeveel kere het die Here deur siekte en selfs die dood nie in ons berusting bewerk nadat ons gebed het nie. Ons moet biddend lewe en van God sy seën afsmeek - dan gee die Here dit aan ons, soos aan Dawid.

Kyk waar eindig die Here met Dawid. Hy bid uit die donker grot uit waar hy in angs wegkruip, maar die laaste woorde van sy gebed is dat die goedertierenheid van die Here so groot is tot by die hemele en sy trou tot by die wolke.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Die trou van die Here het twee kante: 'n oordeelskant en 'n genadekant. Die genadekant veroorsaak juis die oordeelskant. Die Here roep almal tot geloof en aanbidding. Dawid grond juis sy vertroue in die Here op die feit dat hy die Here loof en prys (v. 10).

Iemand wat dus nie hierdie besondere band met die Here het nie, val in die groep waarvan Dawid in vers 5 en 6 skryf. Hulle moet volgens die gebed juis vernietig word.

Daar is 'n baie dun lyn waaroor mens nie mag trap nie. Hierdie lyn is om te maak asof jy die Here dien, terwyl jy Hom inderdaad verag.

Die enigste pad uit die oordeel van die Here uit, is om tot bekering te kom, en om onself ten volle aan die Here oor te gee en Hom te dien - soos Dawid.

### **Huisbesoekstukkie 3.**

Lukas 11: 5 - 13.

#### **1. Inhoud.**

Die bedoeling van hierdie gelykenis is om aan te toon dat bid die eis om vol te hou aan 'n mens stel. Bid is nie net om vir jouself te vra nie. Dit is ook om vir ander te vra. Hierdie gelykenis laat 'n mens verstaan dat die gebed van die gelowige nie aan 'n tyd of 'n plek vasgemaak is nie.

Die gelykenis eindig met 'n tipiese Hebreëuse stylfiguur wat daarop wys dat as die Here klein dingetjies verhoor as daarvoor gebed word, hoeveel te meer nie groot dinge wanneer daarvoor gebed word nie.

#### **2. Toepassing.**

Die gelykenis wat die volharding in die gebed illustreer wys dat daar geen bedrog by betrokke is in die verhooring van gebede nie. Dit word bewys met die drie bevele (v. 9):

- Bid! en vir julle sal gegee word.
- Soek! en julle sal vind.
- Klop! en vir julle sal oopgemaak word.

## **2.1. Waar daar vrede is.**

Kom biddend Nagmaal toe, want die Nagmaal is inderdaad 'n bevestiging daarvan dat die Here u gebede verhoor. Sy seënende hand is altyd by u. Hy bevestig sy verlossende teenwoordigheid aan u wanneer Hy die brood en die wyn aan u bedien.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

Moenie dink dat die Here u vergeet in u pyn nie. Hou net aan met bid. Die Here verhoor ons gebede op sy tyd. Hy verhoor dit ook nie altyd op die manier wat ons dit verhoor wil hê nie, maar wel op die manier wat dit aan die einde van die dag reg en vir ons die beste is.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Waar daar geen (of min) gebed word, is daar nie 'n band met die Here nie. 'n Gebrek aan omgang met die Here kom juis na vore in 'n gebrek aan gebed. Vir elkeen wat nie volhardend bid nie, is dit 'n bewys daarvan dat hy op hierdie punt tot bekering moet kom. Uiteraard ervaar so 'n persoon dan ook dat die Here se seën ontbreek.

Die Here se bevele geld ook vir u:

- Bid! en vir julle sal gegee word.
- Soek! en julle sal vind.
- Klop! en vir julle sal oopgemaak word.

## **Huisbesoekstukkie 4.**

2 Korintiërs 12: 1 - 10.

### **1. Inhoud.**

Paulus verwys na die Damaskusgebeure. Die Here het hom weggeruk tot in die derde hemel. Daar het hy onuitspreeklike woorde gehoor wat nie deur 'n mens gesê mag word nie. Om seker te maak dat Paulus nie as gevolg van hierdie gebeurtenis verwaand raak nie, het die Here vir hom 'n bepaalde beletsel gegee om hom nederig te hou.

Ons weet nie wat hierdie beletsel was nie. Paulus sê dat dit 'n engel van die Satan is wat hom in die gesig slaan. Baie teoloë meen dat dit iets met sy blindheid te doen het. Al het daar iets soos skille van sy oë afgeval toe daar vir hom gebed is, sê hy tog op 'n ander plek dat hy met sy eie hand in groot letters skryf. Die betekenis van daardie gedeelte is juis Paulus se blindheid.

Wat ookal die probleem was, is nie belangrik nie. Wat belangrik was, is dat Paulus drie maal oor die probleem gebed het. Al drie keer het hy die Here gevra om die probleem uit te stryk.

Die Here wou nie die probleem wegneem nie. Die Here het net gesê dat sy genade vir Paulus genoeg is, want die Here se kag word in swakheid volbring.

Dan verklaar Paulus dat hy tevrede is dat sy gebed nie verhoor is nie, omdat hy weet dat hy

hierdie lyding dra ter wille van die Here Jesus Christus.

## **2. Toepassing.**

Die punt waaroor dit in hierdie gedeelte gaan, is dat Paulus gebid het vir 'n bepaalde probleem wat Hy gehad het. Hy het die oplossing vir die saak so gesien: Die Here moet die probleem wegneem.

Die gedeelte maak dit egter duidelik dat die insig wat ons baiekeer in ons eie probleme het, nie korrek is nie. Paulus se insig was byvoorbeeld ook verkeerd. Hy het gedink dat hy beter kan werk as hy sonder sy probleem is.

Die Here het sy gebed verhoor, maar op 'n heeltemal ander manier. Die Here het hom die krag en die genade gegee om met die probleem te kan saamlewe.

Die Here wou hê dat Paulus moes verstaan dat die Here se wil nie gebeur in dit wat vir mense belangrik is nie. Dit gebeur juis waar die mens en sy belange verdwyn, sodat die Here die krag van sy genade kan openbaar.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Dit is merkwaardig dat ons vrede gekom het deur 'n gebed wat ook anders verhoor is as wat die Bidder dit gevra het. Jesus het gebid dat die beker by Hom moet verbygaan. God het dit toe so gewil dat Hy juis die beker moes drink sodat daar vir ons vrede kon kom. Die vrede van God beteken vir ons ook gebedsverhoring.

Al is Jesus se gebed dat die beker by Hom moes verbygaan, nie verhoor nie, het God Hom die krag gegee om vir ons almal die toorn van God oor ons sondes aan die kruis te dra.

Die Nagmaal is 'n versekering dat ons deel het aan hierdie versoening. Dit is daarmee saam 'n versekering dat die Here ons gebede verhoor en sal verhoor - al is dit nie altyd op die manier wat ons dink dit die beste sal wees nie. Hy verhoor dit soos wat dit werklik die meeste voordeel vir ons inhou, en terselfdertyd sy eer verkondig.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Dink aan al die hartseer en spanning wat Jesus sy hele lewe lank deurgemaak het. Dink veral aan die aand in Getsemane toe Hy bloed gesweet het. Mens sou kon vra: Waarom? Want Hy was dan God self, en God is tog bo pyn en hartseer verhef.

Die feit is dat die Here juis pyn en hartseer verstaan. Die feit is verder dat Hy as ons hemelse Vader verwag dat ons in ons gebede hierdie leed aan Hom sal voorlê en Hom vra om verligting te gee.

Hy gee dit altyd. Hy gee dit nie altyd soos wat ons daarvoor dink nie, maar Hy gee dit soos wat dit die beste is. Daarom moet ons nie ongeduldig word as ons dink dat ons gebede nie verhoor word



nie. Dit word verhoor - op God se tyd en op God se manier.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Mens moet nie opstandig of wees wanneer ons dink dat ons gebede nie verhoor word nie. Die Here werk nie in ons tyd en op ons werkswyses nie. In sy Raad sien Hy met baie meer wysheid en beplan Hy met absolute sekuurheid. Ons moet bid met vertroue en glo met sekerheid dat die Here aan ons sal gee wat ons toekom.

## **Huisbesoekstukkies 5.**

Hebreërs 9: 11 - 21.

### **1. Inhoud.**

Christus word in die Hebreërbrief die Middelaar van 'n nuwe verbond genoem (9: 15). Die skrywer van hierdie brief skilder die koningskap van die Here Jesus in Ou Testamentiese kleure. Hy wys daarop dat die koningskap van Jesus Christus ook priesterlike elemente bevat.

Wat opval is dat die skrywer van die Hebreërbrief nie praat van die koninkryk van Jesus nie, maar van die verbond. Die interessante is dat die verbond en die koninkryk van die Here dieselfde ding is, dit word net van verskillende kante af belig. In die woord "verbond" word die innige verhouding wat daar tussen die Koning en sy onderdane is, belig.

Ons is almal deelmers aan die verbond wat God in Jesus Christus opgerig het. Dit is 'n genade verbond wat die hegte liefdesband en innige omgang wat daar tussen ons en die Here is, tot uiting bring. Hierdie verbond het moontlik geword deur die versoeningswerk van die Priesterkoning, Jesus Christus.

Die offer wat hierdie Priester-Koning gebring het, was 'n bloedige offer waardeur Hy al die toorn van die Here vir ons sondes op Hom geneem het. Sy bloed wat gevloei het was die bewys van hoe ernstig die saak vir God was en hoeveel pyn Jesus moes deurmaak om die toorn tevrede te stel. Jesus het die volle straf vir ons ongeregtighede gedra.

### **2. Toepassing.**

Ons kan net op een manier deel word van die ewige koninkryk van God, en dit is deur voluit te vertrou op die bloed van die Here Jesus Christus. In sy bloed het ons in hierdie lewe weer gemeenskap met die Here en ervaar ons ook die Here se vrede. Dit is waarom die Here ons na die Nagmaaltafel toe laat kom. Hy wil daar die vrugte van die offer van Jesus Christus aan ons bevestig.

By die instelling van die Heilige Nagmaal noem Jesus die beker die Nuwe Testament of die nuwe verbond van sy bloed (Lukas 22: 20). Elkeen van ons hanteer dus die nuwe verbond wat God met ons opgerig het wanneer ons die beker hanteer. Dit bevestig dat ons lewend en persoonlik deel is van die koninkryk van God.

## **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Here gee werklik baie vir ons om, daarom maak Hy 'n saak daarvan om aan ons geloof aandag te gee. Hy beveel ons om Nagmaal te kom gebruik om daarmee ons geloof te versterk. Die Here maak dit ook baie persoonlik, daarom bevestig Hy sigbaar aan ons ons deelname aan die verbond wanneer ons tydens die Nagmaal die beker van die Nuwe Testament of die nuwe verbond hanteer. Dit is 'n sigbare bevestiging dat ons deel het aan sy bloed. Elkeen van ons hanteer dus die genade wat God in Christus aan ons geskenk het het wanneer ons die beker hanteer. Dit bevestig dat ons lewend en persoonlik deel is van die koninkryk van God.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

By die instelling van die Heilige Nagmaal noem Jesus die beker die Nuwe Testament of die nuwe verbond van sy bloed (Lukas 22: 20). Die vraag is: Waarom het die Here Jesus hierdie nuwe verbond met ons opgerig? Die antwoord is dat Hy weet hoe ons deur die sonde en deur die gevolge van sonde (siekte, egskeiding, rusies, ens.) verinnuweer word. Daarom troos Hy ons wanneer ons Nagmaal vier. Elkeen van ons hanteer sy liefde en genade wanneer ons die beker hanteer. Dit bevestig dat ons lewend en persoonlik deel is van die versoening van die Here Jesus. Dit bevestig dat Hy uitkoms sal gee, ongeag hoe groot of ernstig ons pyn ookal is.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

By die instelling van die Heilige Nagmaal noem Jesus die beker die Nuwe Testament of die nuwe verbond van sy bloed (Lukas 22: 20). Die hantering van die verbond bring bepaalde verantwoordelikhede mee, want net iemand wat voluit deelneem aan die aanbidding van die Verlosser mag hierdie beker hanteer. Die genade wat deur hierdie verbond verkry word, is uiters beperkend, want dit het slegs betrekking op mense wat tot bekering kom van sonde, en wat dan hulle volle heil by die Here Jesus soek. Dit sluit volle gemeenskap met die Here in, o.a. erediensbywoning.

Dit beteken dat elkeen van ons wat hierdie beker verkeerd hanteer, die oordeel van God oor hom haal. Slegs diegene van wie bevestig word dat hy lewend en persoonlik deel is van die koninkryk van God mag tot die tafel toegelaat word. Daarom is daar in die Nagmaal formulier 'n lang lys van sondes wat almal weggeweë moet word van die Nagmaaltafel af. Lees hier vers 15 voor.

## **Huisbesoekstukkie 6.**

Johannes 15: 1 - 11.

### **1. Inhoud.**

Hierdie preek was die Here Jesus se heel laaste preek. Aan die Nagmaalstafel, of ten minste baie naby daaraan, lewer die Here Jesus die preek van die ware Wynstok.

Die hoofgedagte van die gedeelte is dat die Here Jesus van ons af weggaan, maar ons word nie as weeskinders agtergelaat nie. Ons mag nie voel dat ons vereensaam nie, want Hy sluit ons lewe by syne in. Ons word soos druiwelote op die hoofstam ingeënt. Ons bly bestaan in gemeenskap met Hom.

Hoofstuk 15 word soos volg verdeel:

Verse 1 - 10: Ons verhouding (gemeenskap) met Christus

Verse 11 - 17: Ons verhouding (gemeenskap) met mekaar.

Verse 18 - 27: Ons verhouding teenoor die wêreld.

In die Ou Testament is dit gebruiklik om die volk van die Here met 'n druiweboom te vergelyk (Psalm 80: 9; Jesaja 5; Jeremia 2: 21; Esegïel 15; Hosea 10: 1). Hier vergelyk Jesus ons wat deel is van die Nuwe Testamentiese Kerk met die druiwestok.

Ons bestaan is in Hom, want ons is op Hom ingeënt.

## **2. Toepassing.**

Met die gebruik van die Nagmaal bevestig die Here weer op 'n sigbare manier hierdie eenheid tussen ons en Hom. Ons deel een beker omdat hierdie een beker die teken is van die verbond wat Jesus met ons sluit. Uit sy bloed uit vloei daar vir ons almal die een verlossing - soos wat 'n klomp druiweranke op een moederstam lewe.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Here gee die belofte van seën. As ons in Hom bly, sal ons vrugte dra (v. 2, 5). Hy maak ons rein. Hy het ons inderdaad al klaar rein gemaak (v. 3). Al doen ons nog sondes, die Here het ons aan die kruis al klaar rein gemaak.

Die Here roep ons na die Nagmaaltafel toe omdat Hy ons weer 'n keer daarvan wil verseker dat ons sy dissipels is (v. 8). Hy wil weer bevestig dat Hy ons liefhet (v. 9).

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Geen mens gaan sonder pyn deur die lewe nie. Nie eers die mense wat goed presteer in hulle geloof bly sonder pyn nie. Die Here gebruik onder hulle ook sy snoeimes. Vers 2 leer dat die Here sulke vrugte wat goed vrugte dra, skoonmaak sodat hulle nog meer vrugte kan dra. Om gesnoei te raak, is altyd seer.

Die punt is net dat die Here die lewenssap gee dat ons ewig kan lewe. Wanneer die snoeipyne kom, word dit in Christus genadepyne, want dit is om ons te laat groei in die regte rigting.

Kom ervaar dit weer aan die Nagmaaltafel dat pyn nie verwerping beteken nie, maar juis verdieping deur Jesus Christus.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Daar is mense wat dink hulle glo, maar in wese is hulle ongelowig. Hierdie mense behoort aan 'n kerk (ons kerk), maar hulle meelewing met die gemeente en die manier waarop hulle in die wêreld lewe, bewys dat hulle die Here eintlik glad nie ken nie. In wese is hulle ongelowig.

Sulke mense mag nie Nagmaal gebruik nie, want die Here sê in vers 2 dat die Here hulle met sy snoeimes wegsny. As ons dit baie prakties wil stel, werk dit soos volg: Hulle word deur die Here met die tug uit die gemeente uitgeban.

Sulke mense moet dringend tot bekering kom, want mense wat daarop aanspraak maak dat hulle op Jesus Christus ingeënt is, moet die vrugte van Jesus Christus dra. Hulle moet die kentekens van ware gelowiges dra, soos byvoorbeeld heiligwording en regverdigheid. Hulle moet vroom lewe.

As die Here eers 'n rank afgensy het, is alle verhoudinge met die Here deurgesny. Dan is dit die verskrikking van die hel wat vir so 'n mens voorlê (v. 6).

## **Huisbesoekstukkies 7.**

Handelinge 2: 37 - 47

### **1. Inhoud.**

Dit gaan oor die onlosmaaklike band wat daar is tussen die prediking, die viering van die Heilige Nagmaal en ons gebede.

Hierdie gemeente in Jerusalem is die heel eerste kerk van die Here wat tot stand gekom het. Dit het plaasgevind op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees. In die eerste gemeente het daar 'n paar dinge gebeur wat die grondslag vorm van al die kerke wat na hulle kom.

Ons lees dat die eerste bekeerdes gedoop is. Die sakrament van die heilige Doop was duidelik op Pinksterdag bedien. Die Bybel vertel dat daar daardie dag meer as 3,000 mense gedoop is.

Wat van die Nagmaal, want die twee sakramente is tog gelyk? Dit is waarom vers 42 so belangrik is. Die gemeente het eendragtig volhard in die leer van die apostels. Dit beteken dat hulle elke Sondag saamgekom het in eredienste.

Maar dan kom die res van die sin wat net so belangrik is: ...(hulle het volhard)... in die breek van die brood en die gebede.

"Die breek van die brood" is die term wat vir baie jare gebruik is om die Nagmaal aan te dui. Die Here openbaar dus hier dat elke erediens die gebruik van die Nagmaal ingesluit het. Nou weet ons dat die instelling van die kerke nie net bloot openbaringsgeskiedenis is nie, dit is ook die riglyne waarvolgens die kerke ingerig moet word totdat die Here weer kom.

Die vraag is nou: Waarom vier ons kerke oor die algemeen dan net vier Nagmale per jaar (Daar is talle Gereformeerde kerke wat ses Nagmaalvierings per jaar het)? Die antwoord is inderdaad ontstellend. Dit is nog een van die erfenisse uit die Roomse era wat by ons voortlewe (en wat deur baie mense getroetel word asof dit 'n erfenis van die Reformasie is).

Calvyn wou in sy gemeente elke Sondag Nagmaal vier, maar hy is deur die stadsraad van Geneve

(wat Rooms Katoliek beheerd was), verbied. Hulle was bereid om die Protestante toe te laat om net een keer per jaar nagmaal te vier. (Dit was nogal in stryd met hulle eie gebruik om elke Sondag die Mis te bedien!).

Later is die Gereformeerdes toegelaat om vier keer 'n jaar Nagmaal te vier. Van toe af het dit bloot tradisie geword - maar 'n Bybelse beginsel was dit nooit.

## **2. Toepassing.**

Daar is net een wapen waarmee ons elke donker wat die lewe oor ons laat val in lig en hoop kan omskep: Dit is met geloof en gebed. Dink maar net hoeveel kere het die Here deur siekte en selfs die dood in ons berusting bewerk nadat ons gebid het. Ons moet biddend glo terwyl ons lewe. Ons moet van God sy seën afsmeek - dan gee die Here dit aan ons, soos aan Jesus Christus nadat Hy die aand gebid het in Getsemane.

Die Here staan ons by met sekere tekens wat Hy as simbole gebruik om ons die geestelike dinge te laat verstaan. Die bedoeling van hierdie tekens is om ons geloof te versterk. Dit is presies waar die sakramente in ons geloofslawe inpas. Sakramente is tekens en seëls wat deur God self ingestel is (NB: Nie deur die kerk/ouderlinge/predikant nie). T.o.v. die Nagmaal het die Here ons opdrag gee om dit te vier totdat Hy kom, en dat ons elke keer met die viering daarvan sy dood en sy wederkoms moet verkondig.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Gesprek: Onderstreep die gemeente se liefde vir die Here en hulle volharding om te bid. Spreek saam met die gesin dankbaarheid teenoor die Here uit vir die feit dat hulle nog in die posisie is om die Here gereeld te kan aanbid in die eredienste; en dat die Here nog die geleentheid skep waar Hy ons met sy sakramente versterk.

Bring die kinders ook onder die indruk van die getrouheid van God se liefde vir hulle en dat hulle daarop moet antwoord met die getrouheid in hulle aanbidding.

Ons gemeente gaan weer die Nagmaal gebruik op .....

Die Nagmaal is die sakrament waarmee die Here ons elke keer weer terugneem na die kruis toe: Jesus Christus moes gestraf word vir alles wat ons verkeerd doen, sodat die Here nie nodig het om ons te straf nie. Al wat vir ons oorbly is die Here se liefde - dus beskerming en verhoring wanneer ons opreg bid. Maar dit eis van ons lewendige en hartlike verkeer met die Here, soos wat die eerste gemeente in Jerusalem dit gedoen het.

Kom vier saam Nagmaal en word weer verseker van die Here se liefde en beskerming (gebedsverhoring oor ons) om Christus wil. Kom vier saam Nagmaal en leef daardeur eendragtig met God en met saam.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Die Nagmaal is die sakrament van troos, want hierdie Nagmaal bind ons in ons gemeenskap met mekaar saam. Maar dit bind ons veral aan die ewige toekoms waar ons volmaak en herskep in die koninkryk van God sal lewe.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Die trou van die Here het twee kante: 'n oordeelskant en 'n genadekant. Die genadekant veroorsaak juis die oordeelskant. Die Here roep almal tot geloof en aanbidding. Die gemeente van Jerusalem het dit by uitnemendheid nagekom in hulle eredienste en Nagmaalvieringe.

Iemand wat dus nie hierdie besondere band met die Here het nie, neem nie deel in die gemeenskap met die Here nie. Dit is uiters gevaarlik, want daar is 'n baie dun lyn waarop mens nie mag trap nie. Hierdie lyn is om te maak asof jy die Here dien, terwyl jy Hom inderdaad verag of sy sakramente en die doel waarvoor die Here hulle ingestel het, nie verstaan nie.

Die enigste pad uit die oordeel van die Here uit, is om tot bekering te kom, en om onself ten volle aan die Here oor te gee en Hom te dien - soos die eerste gelowiges.

### **Huisbesoekstukkies 8.**

#### **1. Inhoud.**

Jesus voorsien die tydelike sowel as die ewige.

'n Groot menigte volg Jesus. Die Bybel gee die rede: Hulle het die tekens (wonderwerke) gesien wat Hy met die siekes gedoen het. Nadat hulle die Here 'n tyd lank gevolg het, het hulle honger geword en die Here het 'n wonderwerk gedoen waarin hulle nie gestaan en toekyk het nie. Hulle was self deel van die wonderwerk: hulle is kos gegee met vyf brode en twee vissies.

#### **2. Toepassing.**

Die Here het die mense daaglik gevoed met die prediking. Sy prediking is vir hulle verstaanbaar gemaak met wonderwerke wat Hy gedoen het. Maar mense kom masklik onder die indruk dat die Here vir ander mense aarde toe gekom het, en dat Hy vir ander mense wonderwerke doen - maar nie vir ons nie. Op die manier gebeur dit dat mense die Here erken as God en dat hulle sy almag en sy krag om wonders te bewerk erken, en selfs vereering daarvoor het, maar hulle bly onbetrokke omdat hulle nie beleef dat hulle persoonlik by die verlossende liefde van God betrek is nie.

Daarom gebeur die wonderwerk van die vermeerdering van die brode. Die toeskouers het meteens almal geëet van die kos wat die Here voorsien het, en so het daar vir en met hulle 'n wonder gebeur wat hulle die liefde van God aan hulle eie lyf laat smaak het.

#### **2.1. Waar daar vrede is.**

In 'n sekere sin sit die Here hierdie uitwendige vertoon van sy genade nog voort in die aanbidding van die Nagmaal. Die bedoeling is in die opsig dieselfde as wat dit was met die vermeerdering van die brode, dat die Here ons persoonlik betrek by sy verlossing. Hy bevestig die persoonlikheid daarvan aan ons. Daarom mag ons nooit aan die verlossingswerk van die Here Jesus dink asof dit iets vaags is wat met ander mense gebeur nie. Die Here roep u na sy tafel toe, sodat u soos die

skare van destyds persoonlik kan deelneem in die verlossingswerk van ons Here.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

Die Here reik altyd uit na die toe wat in nood is. Daarom doen Hy selfs 'n wonderwerk om hierdie skare mense uit hulle toestand van honger te verlos. So reik die Here vandag nog na ons toe uit. Trouens sy kruisdood was inderdaad sodat mense wat in die armoede en siektetoestande wat gevolg het op die sondeval daaruit verlos kan word, en inderdaad die vooruitsig het dat hulle in die ewige lewe heeltemal daarvan vrygemaak sal wees.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Kyk mooi na wie die groep is wat hierdie voeding meegemaak het. Dit was almal mense wat die Here gevolg het en wat daagliks verstom was oor sy wonders. Geen mens wat die Here nie gevolg het, en moeite gedoen het om onder die Here se prediking te wees en sy wonders te sien nie, was deel van hierdie wonder van genade nie. Die genade van die Here gaan net na die toe wat Hom sigbaar eenhang en dien met hulle lewens.

## **Huisbesoekstukkies 9.**

1 Korintiërs 11: 17 - 34.

### **1. Inhoud.**

Die instelling van die Nagmaal en die voorafgaande selfondersoek. Die gedeelte behandel onderlinge twis - maar dan die soort van twis wat die atmosfeer besoedel, terwyl die meeste mense maak asof daar niks gebeur het nie. Hierdie dinge waarvan Paulus vermeld, gebeur dan tydens die viering van die Nagmaal. Uiteindelik is die viering van die Nagmaal dan nie tot eer van die Here nie.

Die dinge waarvan Paulus praat, is rusies, partyskappe, vraatsugtigheid, snobisme (mense wat dink hulle is beter as ander - v. 22).

### **2. Toepassing.**

Die Here waarsku ons dat ons nie op onwaardige wyse aan die tafel van die Here moet aansit nie. Ons moet onself eers ondersoek. Ons moet deeglik in ons eie binneste indelf en kyk of daar dinge is wat nie op die spoor van die Here se wil en verwagting van ons is nie (v. 27, 28). Die Here waarsku ons ook dat as ons dit nie doen nie, ons skuldig sal wees aan die liggaam en bloed van die Here.

#### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Here doen in verse 33, 34 'n beroep op ons om liefde aan mekaar te bewys. Natuurlik sal ons net liefde aan mekaar kan bewys wanneer ons so gegroei het in die geloof dat ons die doel van die Nagmaal verstaan.

Die belangrikheid van die viering van die Nagmaal word veral in vers 26 gestel: Elke keer wanneer ons die brood eet en die beker drink verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom.

Die volgende sake is alles van belang:

- Ons moet dikwels die Nagmaal vier. Die gewoonte onder die eerste kerke was om dit elke Sondag te doen.
- Met elke Nagmaalviering gaan daar 'n getuienis van ons kant af uit: ons verkondig! (Die werkwoord is 'n imperatief, m.a.w. 'n bevel). Dit is heeltemal waar dat die Here ons aan die tafel voed en versterk, maar dit is net so waar dat daar van ons kant af 'n verkondigingsroeping is.
  - Ons moet die majesteit van die Here verkondig: Ons Here het gesterf, maar Hy het ook uit die dood opgestaan.
  - Hy kom weer om die saligheid wat Hy bewerk het, volmaak af te rond met sy ewige koninkryk waar almal vir ewig lewe.

Kom vier Nagmaal en ontvang die genade van die Here. Maar kom verkondig ook saam met die gemeente dat die Here gesterf het en opgestaan het. Hy kom weer as die Ewige Oorwinnaar wat ons in ewigheid in sy koninkryk gaan neem.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

Nagmaal is 'n fees van hoop. Dis 'n fees van verlossing. Wat die pyn ookal mag wees, dit is onderworpe aan die Here se oorwinning. Nou laat Hy nog lyding toe, want Hy het ook gesê dat ons Hom in sy lyding moet volg. Maar alle vorme van lyding kom skielik en vinnig tot stilstand wanneer die Here weer op die wolke verskyn.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

By al die genade wat Hy aan ons bewys, stel die Here sy oordeel ondubbelsinnig en duidelik. Wie onwaardig aan sy tafel deelneem, is skuldig aan sy liggaam en bloed. Sulke mense is soos die wat die Here gekruisig het - en hulle deel in hierdie mense se onverantwoordelikheid en daarmee ook hulle straf.

Dit beteken dat die wat onbedag (of glad nie) aan die Nagmaal deelneem, in dieselfde kategorie as die natuurlike mense val waarvan die Here in 1 Korintiërs 2: 8 vertel. Hierdie soort van mens gaan verlore omdat hy die werke van God die Heilige Gees verwerp, en as gevolg daarvan sy medemense in die noute bring.

Dit alles beteken bloot dat mense wat in onverdraagsaamheid of in enige sonde volhard, dadelik tot bekering moet kom sodat hulle weer voluit in die genade van die Here kan deel.

## **Huisbesoekstukkies 10.**

1 Johannes 4: 7 - 21.

### **1. Inhoud.**



Die Nagmaal wys op die ewige versekering wat God gee: Jy is My kind.

Daar is 'n lineaal waarmee elke mens vir homself kan bepaal hoe naby of hoe ver sy verhouding van die Here af is: Het jy lief?

Iemand wat nie ander mense kan liefhê nie, het 'n geloofsprobleem, want dit dui daarop dat die band tussen hom en die Here deurgesny is. Die oplossing is dan ook nie om geloofstwyfel te ervaar nie. Die oplossing is om tot bekering te kom (v. 11). Ons moet die ware liefde leer ken en beoefen.

Die Here gee telkens die versekering dat ons nie daaraan moet twyfel dat Hy ons (nog steeds) liefhet nie. Hy het 'n aantal dinge van sy kant af gedoen. Die eerste is dat Hy sy Seun voorsien het om in ons plek gestraf te word, sodat ons in sy liefde kan bly.

Lees vers 9, 10 en 14.

Die tweede is dat Hy ons eerste liefgehad het. Ons verlossing berus nie op 'n prestasie wat ons gelewer het nie. Hy het ons eerste liefgehad.

Lees vers 10.

Die volgende ding wat die Here gedoen het, was dat Hy sy Gees oor ons uitgestort het.

Lees vers 13.

## **2. Toepassing.**

Baie keer ervaar mense twyfel: Is ek werklik deur die Here verlos? Hoe sal ek weet ek is verlos? Weet die Here van my?

Die antwoorde op hierdie dinge lê alles in hierdie gedeelte. Jy alleen ken jou hart. Ervaar jy dat jy God se liefde teenoor ander mense wil uitlewe?

Ervaar jy die leiding van God die Heilige Gees?

Dit is so dat ons geloof nie altyd so sterk ontwikkel is dat ons hierdie dinge skerp belewe nie, maar dit is nie rede tot moedeloosheid nie. Die Here roep ons juis weer na die Nagmaal toe om presies hierdie dinge aan ons te bevestig.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Here se liefde lei ons om elke dag sterker te word in ons geloof. Sy liefde leer ons om verkeerde dinge raak te sien, en om daarvan af weg te bly.

Lees hoofstuk 2 vers 15, 16.

Ons Here Jesus het klaar al die goeie dinge in ons gevestig en Hy lei ons met sy Heilige Gees om die duiwel se meerdere te wees.

Lees Hoofstuk 2: 13.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Ons hoef nie vir die lewe bang te wees nie. Nie eers siekte of selfs die dood hou vir ons 'n werklike bedreiging in nie.

Lees vers 18.

Ons moet moedhou en groei in die Krag van Jesus Christus, want in die oordeelsoomblik skryf Hy alle siekte en gebreke af en vervang dit met volmaaktheid en heerlikheid.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Waar mense in onvrede lewe, moet vers 20 beklemtoon word. As ons met sienlike mense nie kan klaarkom nie, kan ons ook nie met God klaarkom nie, want met 'n mens wat jy kan sien, kan jy aanhou praat totdat julle probleme uitgestryk is.

God kan nie gesien word nie - hoe kan jy 'n liefdesband met die Here onderhou as jy dit nie met 'n mens kan doen nie?

Lees vers 20 en 21.

## **Huisbesoekstukkies 11.**

Openbaring 19: 1 - 10

### **1. Inhoud.**

Die Nagmaal wys op die ewige bruilofsmaal.

Die ewige lewe begin met groot beroering in die hemel. Voordat die Here se maaltyd begin, word alles eers gereedgemaak, sodat daar geen steurnisse sal wees nie, en ook sodat daar net heerlikheid sal wees om oor die fees van die Here te straal.

- In die hemel is daar 'n groot menigte wat in 'n praatkoor sê: Prys Jahwê (Haleluja). Hierdie praatkoor sê die volgende:
  - Hulle betuig dat alle heil en heerlikheid en eer en krag aan die Here ons God toekom (v. 1). (Vergelyk dit met die slot van die "Onse Vader").
  - Dan verklaar hulle dat die oordele van die Here waaragtig en regverdig is (v. 2a).
  - Daarna vertel hulle dat die Here die wêreld (die groot hoer Babilon) gestraf en vernietig het, omdat dit die gelowiges verdruk het (v. 2b).
  - Dan breek die hemel in 'n lofsang uit omdat die straf voltrek is: Haleluja (Prys die Here !) (v. 3.).

Die beweging in die hemel is nog nie afgehandel nie.

- Na die praatkoor kom vier en twintig ouderlinge en vier lewende wesens aan die beurt om God te loof en te dank (v. 4).
- Na hulle gee God opdrag dat alle skepsele Hom moet loof en prys (v. 5).
- Dan roep geweldig baie stemme dit saam uit: Die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar! (v. 6).

- Dan begin die bruilof. Die Bruid verskyn. Sy word in haar prag en heerlikheid beskryf (v. 7, 8).
- Die gaste kry ook aandag. Dis ons (v. 9).

## **2. Toepassing.**

Ons moet in ons voorbereiding dieselfde afstand tussen ons en die sonde kry wat daar tussen die heiliges in die hemel en die wêreld van sonde is.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

In die Nagmaal het ons van hierdie ewige bruilof 'n voorspel. Die roeping om te kom aansit aan die Nagmaalstafel is reeds 'n vooruitgrype daarop dat ons eendag aan die ewige maaltyd van God sal aansit, en dat ons na sy roepstem tot gehoorsaamheid en aanbidding moet aandag gee.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Die Bybel maak spesiaal plek om oor ons hartseer te praat in die voorbereiding vir die Groot Fees. Die hartseer bestaan in die eerste plek net op die aarde (wêreld). Dit is net hier waar die magte van die duiwel geleentheid het om ons te verlei en pyn aan te doen.

In die tweede plek is daar tog iets van 'n troos in dat die Here die aandoener van die pyn (ten diepste die Satan) vir ewig gaan straf en vernietig. Die Nagmaal rig juis ons blik op die toekoms, waar pyn uitgeskakel is en heeltemal met feesvreugde vervang is, sodat ons moed kan hê in die stryd teen die dinge wat vir ons pyn en lyding veroorsaak.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Wys daarop dat daar 'n skerp tweedeling is: Dis net die magte wat God dien en die wêreld. Dus: of jy dien God of jy haat God. As jy God dien, moet jy deelneem soos wat die koor, die lewende wesens en die ouderlinge doen.

Indien nie wag daar ewige vernietiging. Lees weer vers 2 en 3.

Die Here skryf hierie skepr waarskuwing juis vir die geestelike hardhorendes en moedswilliges, sodat hulle tot bekering kan en moet kom. In dien nie, is hulle nie deel van die Here se bruilofsfees nie, en kan daarom uiteraard ook nie aan die Nagmaalstafel toegelaat word nie.

## **Huisbesoekstukkie 12.**

Prediker 12: 1 - 8

### **1. Inhoud.**

NB vers 5. Die liggaam word afgetakel, maar die mens gaan na sy ewige huis. Hierdie hoofstuk praat eintlik nie net met ou mense nie. Dit praat oud en jonk aan om deur die lewe te kyk na ons eindbestemming: die Here se eindbestemming. Die hele hoofstuk bind hierdie lewe en die hiernamaals aan mekaar vas.

- Vers 1 wys daarop dat 'n mens elke dag van sy lewe aan sy Skepper moet dink. Daar is maklike tye wanneer ons ons Skepper maklik vergeet. Dit is wanneer ons jonk en sterk en gesond is. Dinge gaan maklik, want dit voel of ons in beheer is van die lewe. Die Here waarsku dat ons moet besef dat die hele lewe nie so maklik is nie, want daar kom onaangename dae in 'n mens se lewe. Dit is dae waarvan ons sal sê dat ons geen behae daarin het nie.
- Vers 2 meng twee beelde. Die een beeld is die een wat ons by die profete kry, naamlik dat die son en die maan verduister gaan word wanneer die einde aanbreek. Daar sal nie meer lig wees nie. Terselfdertyd beskryf dit die donker wat in sy ouderdom stelselmatig om hom toesak en uiteindelik tree die dood in. Die betekenis is dat ons by dit alles altyd moet verbykyk na die heerlijkheid wat met die wederkoms aanbreek: "...en die wolke terugkom na die reën!"
- Vers 3 beskryf die bene wat ingee en die tande wat onklaar raak. Die oë (vensters) raak dof en dit raak moeilik om te sien. Uiteindelik tree die dood ook daar in, want dit word donker.
- Vers 4 vertel dat die ore hardhorend raak. Hy kan nie meer musiektone goed hoor nie. Die ou mens het nie meer baie slaap nodig nie. Hy is vroeg in die môre al saam met die voëltjies wakker.
- Vers 5 vertel hoe 'n grysaard moeite het om teen steiltes op te loop. Hy sleep homself moeisam soos 'n sprinkaan vorentoe. Sy wit hare is soos 'n amandelboom wat vol in bloei staan, maar aanstons val die blomme af - en die oue van dae sterf. Medisyne help hom nie meer in sy sterwensoomblikke nie - die kapperkruid is nutteloos. Die dag van sy begrafnis breek aan: rouklaers loop op die straat rond en huil oor sy dood. Die oue van dae word nie beskryf waar hy in sy graf lê nie. Die Bybel sê hy het na sy ewige huis toe gegaan.
- Vers 6, 7 beskryf met verskillende beelde (die silwerdraad wat afbreek; die kruik wat stukkend breek; die meul wat langs die put gestaan het se wiel val af) hoe die mens uit die lewe ontbind en word weer stof word. Maar sy gees ontbind nie - sy gees gaan na God toe terug wat dit gegee het.

## **2. Toepassing.**

Daar is net een deur waardeur ons uit hierdie lewe loop na die ewige koninkryk van God toe. Dit is deur die dood. Ons moet van kleins af bewus wees van die dood en die lyding wat dit oor ons bring - veral wanneer ons ouer word. Maar ons moet sterker bewus wees van die lewe na die dood as wat ons moet wees van die dood self. Ons lewe deur die dood na ons ewige woning by God toe.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Here praat in hierdie gedeelte net van een moontlikheid wat met die mens kan gebeur wanneer hy doodgaan, en dit is dat hy na sy ewige woning toe gaan. Dit is omdat die Here hier net met gelowiges praat. Ons het in Jesus Christus net een adres: deur sy bloed word die ewige woning se deure vir ons oopgesluit.

Die bedoeling van die Heilige Nagmaal is dat die Here ons daar verseker dat Hy die straf gedra het sodat ons salig kan sterf. Die Nagmaal is 'n versterking van die boodskap dat hierdie lewe verwissel word met ewige heerlijkheid.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

Daar is sommiges onder ons wat geweldig ly. Dit is waar dat lyding ook sy plek het in die vorming van ons geloof, want die Here gebruik dit soms om die ware gelowige se geloof mee te versterk en ander kere om ons in ons geloofsvolharding teen die duiwel te laat getuig (soos Job).

Die punt wat prediker maak, is dat hierdie lewe in elk geval vol ongemak is, maar dit moet ons nie laat dink dat alles tevergeefs is nie. Die lewe op die aarde gaan verby en dit loop oor in die ewige huis van God. Daar is net heerlikheid en volmaaktheid.

Nagmaal herinner juis aan die vergifnis van sondes, m.a.w. die losmaking van al die gebreektheid en pyn van hierdie wêreld.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Die gedeelte het 'n skerp vermaning: die pyn van hierdie lewe is 'n voorspel van die hel. Die gelowiges gaan na hulle ewige huis by God toe, maar die ongelowiges het nie so 'n huis nie. Daarom word oor hulle niks gesê nie, want die veronderstelling is duidelik. By implikasie gaan die smarte vir hulle verder. Daarom is bekering 'n groot noodsaaklikheid.

## **Huisbesoekstukkies 13.**

Jesaja 55

### **1. Inhoud.**

Die water van lewe - verniet! Vers 2 beklemtoon die vergeefsheid van kos koop om aan die lewe te kan bly. Dinge raak al hoe duurder. Dit was in die tyd van Jesaja al so dat kos meer gekos het as wat dit werklik werd was.

Daarom wys die Here sy gelowiges daarop dat daar iets anders is wat meer waarde het as kos vir die tydelike, naamlik voedsel vir die ewige lewe. En die kry ons by God verniet.

In vers 6 word die gelowiges opgeroep om die Here te soek, want dit is waar al hierdie duur en noodsaaklike lewensmiddele verniet gekry kan word.

Daar is selfs genade vir die goddeloses, in die sin dat hulle ook opgeroep word om tot bekering te kom. Daar is 'n belofte by dat die Here hulle genadig sal wees.

Die Here openbaar hoe sy verlossende genade oor ons werk. Vers 10 leer dat dit is soos reën wat op ons val, en wat maak dat ons groei en vrugbaar word en vrugte dra.

Vers 11 - 13 gee 'n toekomspektief: Waar gaan die genade en die lewensmiddele wat ons by die Here kry met ons heen? Ons sal die Here al meer dien, en die seën van die Here sal altyd by ons bly.

## **2. Toepassing.**

Die Here bevestig al hierdie genade aan ons met die Nagmaal. Ons hoor dat die Here Jesus steeds by ons bly. Sy Gees maak ons daar saam bymekaar en verseker ons dat sy liggaam en bloed ons voed om vir ewig by Hom te lewe. Ons kry hierdie ewige voeding verniet.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die wat genade by die Here kom soek, kry oorfloed: ".en laat julle siel hom in vettigheid verlustig." Die vrede van die Verlosser soos wat dit in die verbond oor ons waar word, kom baie sterk na vore in verse 3 en 4: Die bestendige genadebewyse wat aan Dawid gemaak is, sinspeel op die ewige koningskap van die Here Jesus Christus.

Die daaropvolgende uitspraak dat hierie Verlosser 'n vors en gebieder van die nasies gemaak is, getuig dat die verlosser se genade juis ook oor ons - wat op daardie stadium heidene was - geld.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Die Here se troos in hierdie gedeelte is kort en kragtig: in 'n wêreld sonder waardes, of uit verbandgerukte waardes, gee die Here steeds die regte waarde. Hy versorg ons met die ewige lewe. Ons moet net altyd by hierdie lewe kan verbykyk en die ewige "vettigheid" raaksien. Vers 6 wys net daarop dat daar van ons kant af voortdurende volharding moet kom: SOEK die Here terwyl Hy te vinde is. Ons verstaan nie noodwendig altyd die hartseer en ellendes wat om ons en met ons gebeur nie (v. 8, 9).

"Soek" is ons verantwoordelikheid wat in werking gestel word: moenie in jou pyn of in jou sondes bly lê nie. Bid en dank. Die Here seën op sy tud

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Diegene wat nie is waar God sy genade uitdeel nie, gaan doodgewoon verlore. Die wat dit wil hê, kry dit verniet. Die ander verval indieselfde waardesisteme waar geld afgeweeg word vir wat geen brood is nie. Hulle lewenswaardes gee geen ewige voeding nie, m.a.w. dit gee vir hulle die ewige honger - die ewige dood.

## **Huisbesoekstukkies 14.**

Psalm 84. Kerkbesoek.

### **1. Inhoud. Kerkbesoek.**

Blydskap as ons by die tempel kom! Die Psalm word geskryf deur 'n man wat vroeër 'n priester was saam met die skare opgetrek het om fees te vier. Toe is hy en sy familie geskors (Korag, Datan en Abiram se geskiedenis). Dit het beteken dat hy nie meer sy voete in die tempel kon sit nie - daarom sy groot verlange om weer in die tempel te kan kom. Mens sou kon sê dat hy eers sonder woning was, maar nou het hy weer die altaar van God waarheen hy hom kan terugtrek vir lewensvernuwing.

By die tempel (kerkgebou) kom ons saam in die erediens. By die tempel van die Here ontmoet die hemel en die aarde mekaar, want daar ontmoet sondaarmense die ewige almagtige God.

Vers 3 leer ons hoe groot die behoefte van die ware gelowiges is om erediens te woon: self hulle liggame smag daarna. Die rede is omdat hulle die lewende God ontmoet.

Sy gebed staan in vers 8 - 13: Hy ervaar iets van die tydloosheid van die ewigheid as hy by God is: een dag word vir hom soos duisend jaar. Hy verkies ook liever een dag in die tempel as om duisend jaar buite die tempel te lewe.

## **2. Toepassing.**

Hier in die tempel van die Here steek die Heilige Gees weer die liefdesvuur tussen die gemeente (ek en jy) en God aan. Hier ondervind ons weer die warmte van God wat aan ons lewe gee: Hy seën en troos ons nog steeds.

In vers 5 en 6 lees ons van die lewensvolheid en sielevreugde wat hierdie man beleef in sy omgang met God. Hy wil sommer vir altyd in die Here se huie bly en sy vreugde uitsing.

Hy beleef dit dat die Here weer orde stel op sake in sy lewe. Dinge raak deurmekaar en krissise ontstaan, maar die Here keer dit maklik om in voorspoed. Hy noem dit dat die Here woestynvlaktes omkeer in 'n fonteinland (v. 7).

Hy onthou (v.8) hoe moeg hulle as pelgrims geword het tope hulle op pad was tempel toe (dalk het hulle ver deur die woestyn gekom), maar al hoe nader hulle aan Jerusalem met die tempel (Sion) gekom het, al hoe meer kra het hulle gekry. Hulle het aanhou vorentoe gaan omdat hulle in die tempel voor God wou verskyn.

Dit is asof hy sy vermoeiende reis tempel toe sien as sy lewe, en hoe hy dan uiteindelik by God in die ewige lewe aankom en deel word van die hemelse leërskaer.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die digter het waarskynlik na die tempel gesit en kyk toe hy hierdie Psalm gedig het. Iewers onder die dak het hy twee voëlneste gesien. Die een was 'n mossienes en die ander een was 'n swaeltjie se nes (v. 4). Die twee stelle voëltjies wat onder die kerkdak tuiskoms en vrede gekry het, word vir hom die simbool van homself: Hy kry in dieselfde kerkgebou vrede by God se altaar waar hy sy dank en sy aanbidding aan God bring.

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Die Psalm troos werklik die mens wat iets in sy lewe mis. Ons vind ons groot vrede by God. Die man wat hierdie Psalm geskryf het, het nooit in sy lewe die voorreg gehad om in 'n tempel in te gaan nie. Maar hy het geweet dat hy in die hiernamaals in die koninkryk van God sal ingaan, en daarin het hy so groot troos gekry, dat hy in hierdie lewe al tevredenheid gekry het.

Dit is presies hoe groot ons troos ook is. Die Here gee genade en eer. Hy hou nie die goeie terug van die mense wat eerlik en opreg lewe nie.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Die kinders van Korag het die eerste beginsels van die hel beleef. Hulle voorouers was opstandig teen die Here. Die Here het van hulle 'n voorbeeld gemaak en ondubbelsinnig gewys wat Hy van sulke mense dink en wat Hy met hulle gaan doen. Hy het dat die aarde hulle insluk. Die van hulle (en hulle nageslagte) wat oorgebly het, het Hy:

- verbied om ooit weer aan enige godsdiensseremonie deel te neem.
- Hulle was nie toegelaat om saam met die volk feesoptogte te hou nie.
- Hulle mag nooit weer hulle voete in enige kerkgebou (tempel gesit het nie).

Waak daarteen dat so-iets jou nie tref nie! Dit is een van die elemente van hoe dit in die hel sal wees: deur God verstoot en verwerp.

### **Huisbesoekstukkies 15.**

Joël 2: 16.

#### **1. Inhoud.**

Kerkbesoek: veral kinders. Nadat die profeet 'n algemene oproep tot bekering tot die volk gerig het, spoor hy hulle nou aan om 'n dag vir die Here te hou. In ons taal 'n Sondag tot eer van die Here. Letterlik staan daar dat die profeet 'n vasdag moet afkondig. Dit is 'n dag van berou en aanbidding.

Wat belangrik is is die spesifikasie van watter persone opgeroep moet word. Eers word hulle in die algemeen beskryf: die volk en gemeente.

Daarna word opgenoem wie almal deel is van die volk wat onder die erediens moet wees, sodat daar geen misverstand kan wees nie. Die profeet noem twee uiterstes in ouderdom, sodat die volk self kan verstaan dat almal wat tussen-in is, ook moet sorg dat hulle daar is.

- Die oudstes word eerste genoem. Hier word nie van mense gepraat wat in 'n bepaalde amp staan nie, die Bybel bedoel dat al die grysaards tempel toe moet kom en kom deelneem.
- Die tweede groep wat genoem word is die kinders en die suigeling.

Met die kinders en die suigeling bedoel die Bybel letterlik dat die kinders en die klein babatjies wat geborsvoed word, daar moet wees. Daar is twee redes voor:

- Die eerste is dat die moeders van die kinders en suigeling nie die erediens sal kan bywoon nie, omdat hulle na die kinders moet kyk. As die Here die heel kleintjies ook beveel om te kom deelneem aan die aanbidding, moet die moeders ook daar wees.
- Die tweede rede is dat die Here wil beklemtoon dat Hy sy hele volk bymekaar wil hê wanneer hulle Hom aanbid. Hy is nie tevrede met net 'n deel van hulle nie.

#### **2. Toepassing.**

Ons moet nie van die kerk af wegbly en dan ons kinders as 'n verskoning gebruik nie. Die Here se eis is duidelik dat hulle ook daar moet wees. 'n Deel van hulle opvoeding is om van hulle eerste verstand af te leer (en te weet) dat hulle aan die erediens moet deelneem, en dat die Here van hulle ook dissipline verwag.



Al weet hulle nie wat aangaan nie, is dit uit hierdie gedeelte duidelik dat dit vir die Here belangrik is dat hulle liggaamlik daar teenwoordig moet wees.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Spreek dankbaarheid uit teenoor ouers wat hierdie beginsels verstaan en bid die Here om die kinders van hulle eerste oomblikke af so te lei met sy Gees, dat hulle verstaan dat die Here van hulle verwag om Hom te aanbid. NB: Onthou om altyd die kinders in die gebed ook aan die Here op te dra. Hulle moet weet dat daar vir hulle begid word, sodat hulle hulle eenheid met die verbondsvolk kan beleef.

### **2.2. Waar daar vermaan moet word.**

Dink hierby ook aan die Here Jesus wat die kinders nadergeroep het en hulle geseën het. Binne die konteks van die uitspraak wat Hy daarna gemaak het, is dit duidelik dat die Here 'n swaar oordeel beskik oor die wat kinders skade aandoen, m.a.w. van omgang met die Here af wegkeer.

## **Huisbesoekstukkies 16.**

Psalm 30: 5.

### **1. Inhoud. Depressie.**

Dawid het die donkerte van pyn om hom voel toeslaan. Dit het hom laat besin oor die toestand waarin hy was. Die slotsom waartoe hy gekom het, was dat die Here sy lig en verlossing is. Hy het dadelik besef dat die krag van hierdie verlossing so groot is dat mense of aardse dinge jou nie daaruit kan dwing nie.

Dit het hom laat besef dat vrees baie tydelik is, want dit kan nie die genade van God van ons af wegkeer nie, en dit kan sy dreiging ook nie verder as hierdie lewe laat gaan nie. Hy het toe inderdaad 'n lysie gemaak van dinge wat hom ongemaklik maak: kwaaddoeners; teëstanders; vyande; 'n laer wat teen hom opgeslaan word.

Daarteenoor het hy ook 'n lys gemaak van die dinge waarmee God se genade die lewe vir hom gerieflik maak: Die Here is sy lig en sy heil; die Here is die toevlug van sy lewe; die Here stel hom in 'n posisie waar hy die lieflikheid van die Here in die tempel kan gaan ondersoek; Hy steek hom weg; Hy tel hom ook weer op as hy platgeslaan is.

### **2. Toepassing.**

Angs en vrees is tipiese eienskappe van depressie. Ons is nie die enigstes wat hierdie gevoel beleef nie. Voor ons was daar al gelowiges wat dit deurgemaak het. Maar nadat Dawid al die dinge teen mekaar opgeweeg het, kom hy tot die besef dat dit wat in sy guns tel, so groot is dat hy saam met 'n trompet die lof van die Here wil uitsing - wat hy toe inderdaad gedoen het, want dit is waarom hy hierdie Psalm geskryf het.

Dit is die besef wat by ons ook moet tuiskom: niks en niemand kan ons van God vervreem nie. Hy beskerm ons en Hy hef ons op wanneer ons seergemaak is.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Wat moet ek doen as die angste van die lewe my so toeval? Sing en bid. Dan gee God sy genade (v. 7 - 9).

### **2.2. Waar daar hartseer is.**

Lees vers 13: Dawid het ontsettend baie pyn en hartseer verduur. Soveel so dat sy hartseer byna te groot geword het. Maar daar was een ligpunt waaraan hy die hele tyd vasgehou het: Die Here sal hom seën terwyl hy lewe!

Daarom bemoedig die Heilige Gees ons om op die Here te wag. Die oplossings vir ons probleme sal nie noodwendig dadelik kom nie: ons moet wag. Ons moet sterk wees in hierdie wagproses. Dit kan veeleisend wees, maar ons moet net wag totdat die Here sy goedertierenheid oor ons oopvlek.

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Daar is natuurlik mense wat smartvrate is. Hulle teer op ellendes. Hulle wil nie getroos word nie, want dan moet hulle uit hulle ellendes opstaan en daarvan hou hulle niks nie. So moet die ware gelowiges nie wees nie.

Die ware gelowige is die een wat sonder ophou bid vir genade (v. 7 en 8). Een wat weet dat die Here ons nie verstoot en verlaat nie. Dit is 'n mens wat glo dat hy/sy die goedheid van die Here sal sien.

## **Huisbesoekstukkie 17.**

Romeine 12: 1 - 8.

### **1. Inhoud.**

Gee julle ten volle vir die Here. Die Here wys daarop dat ons met ons volle menswees 'n offer vir Hom moet wees. Daarom word daar spesifiek gesê dat ek my liggaam as 'n lewende offer vir die Here moet gee. Waarom my liggaam? Omdat ek met my liggaam kerk toe gaan; met my liggaam getroud is; met my liggaam my daaglikse werk doen. Oral waar my liggaam is, moet ek die Here verheerlik. My liggaam moet op plekke en in houdings kom waar die eer van God verkondig word.

Vers 2 motiveer waarom my liggaam en my verstand so voluit in my godsdiens betrek moet wees: ons kan soos die wêreld word. "Wêreld" is sonde - hier verwys dit na mense wat die Here nie dien nie, en wie se lewens deur allerhande vuilheid gekenmerk en besoedel word.

Teenoor hierdie mense met hulle verkeerdheid lewe ons as mense wat verander is. NB "word

verander!" Dit beteken dat daar aanvanklik nie verskil is tussen ons en hierdie wêreldmense nie, maar al hoe meer ons ons aan die Heilige Gees onderwerp en onder sy leiding met die wil van God vertrou raak, groei ons van hulle af weg. Dit kan net gebeur as ons die wil van God gaan toets. Letterlik staan daar dat ons moet "proe" hoe lekker dit is om te doen wat God vra.

## **2. Toepassing.**

In hierdie groeiproses gaan ons nie almal eenders vorder nie. Ons gaan ook nie ewe goed vaar met dieselfde sake nie, want ons gawes verskil (v. 3, 4). Ons moet egter skerp daarteen waak dat ons nie verwaand raak en van onself meer dink as wat ons moet nie. Ons moet altyddeur klem lê op die feit dat ons 'n eenheid in die Here is (v. 4, 5).

Wat baie belangrik is, is dat ons moet sorg dat ons die gawes wat ons by die Here ontvang het, ontwikkel en in die kerk van die Here gebruik (v. 6, 7, 8).

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Die Nagmaal bevestig onder andere ons eenheid met Jesus Christus, die Hoof van die Kerk. Ons is deel van sy liggaam, maar ook deel van mekaar. Dit beklemtoon die feit dat ons die verantwoordelikheid het om die Here se bevele van hoe ons moet kerk wees, gehoorsaam. In hierdie geval is sy eis dat ons van die wêreld af moet weggroei deur twee dinge te doen: ons moet enersyds ons liggawe en ons verstand as lewende offers vir God stel, en andersyds moet ons ons gawes tot eer van God ontwikkel en in die gemeente gebruik.

### **2.2. Waar daar vermaan moet word.**

Die wat nie met die wêreld breek nie, is doodgewoon nie burgers van die ewige lewe nie. Wie nie sy gawes in die kerk aanwend nie, moet dit noodwendig op 'n ander plek aanwend - met die noodwendige gevolge.

## **Huisbesoekstukkies 18.**

Psalm 73.

### **1. Inhoud.**

Asaf, Dawid se hoofmusikant sing van die worsteling wat hy deurgemaak het. Hy bely dat die Here goed is. Maar goed is vir bepaalde mense: die wat rein van hart is.

Hy vertel dan verder dat hy byna in die moeilikheid by die Here was, want daar was 'n geleentheid toe hy nie so rein van hart was as wat die Here van hom verwag het nie (v.2.). Hy was afgunstig op 'n groep mense wat goddeloos was - m.a.w. die Here nie gedien het nie. Hy was jaloers op hulle omdat die Here hulle geseën het, terwyl hy wou gehad het dat die Here hulle moes straf.

Hy het gesien dat hierdie mense:

- nie spanning het nie (4.)
- vet en gesond is (4)

- nie allerhande beproewings deurmaak nie (5)
- gesag misbruik (8)
- hulle teen God verset (9, 11).

Hy het op 'n stadium gedink dat dit nie die moeite werd is om te glo nie, want die Here het hom elke dag getug (13, 14). Maar iets het hom teruggehou om nie soos daardie mense te word nie. Hy wou getrou bly aan die gelowiges (15).

Hy het toe oor die saak gaan bid. Toe het die Here aan hom geopenbaar dat hy moet kyk hoe mense se einde anderkant hierdie lewe lyk (17). Die Here laat hulle ondergaan; hulle word iets afgrysligs en 'n verskriklike einde tref hulle (17 - 19).

Die oomblik toe Asaf al hierdie dinge verstaan het, het hy dadelik sy berou voor die Here gewys. Hy het erken dat hy verbitter was teen die Here en dat hy gegrief was oor die Here se manier van doen. Hy het bely dat hy hom onredelik gedra het (21, 22).

Tog is hy nog steeds by die Here. Wonderlik! Maar nie deur sy toedoen nie. Dit is deur die Here se toedoen, want die Here het hom aan sy hand gevat. Die Here het by hom gebly toe hy kwaad geword het vir die lewe (23).

Hy besef ook dat dit nie die einde van al sy spannings in die lewe is nie. Maar in die wat voorlê sal die Here hom lei. Hy het dus nie rede vir bekommernis nie. Veral belangrik is die wete dat die Here hom aan die einde van sy pad in sy heerlijkheid gaan opneem (24).

Dit voltooi die kontras: hierdie mense wat vir ons struweling veroorsaak, en wat in hierdie lewe oënskynlik oorvloediglik geseën word, beland aan die einde in die hel, terwyl die gelowiges (ons) in sy heerlijkheid opgeneem word.

## **2. Toepassing.**

Kyk hoe moet dit met ons wees: dit is 'n mens met 'n "ander" gesindheid wat hierdie Psalm afsluit. Hy sê: "Dit is vir my goed om naby God te wees." Hy weet dat daar nog baie spannings vorentoe sal wees, maar in almal van hulle gaan die Here saam. In almal sal die Here die lig en leiding gee, hy moet net eerlik wees en in die gebed by God raad gaan vra. Al sy opstandigheid is weg. Dit het plek gemaak vir lewenstevredenheid.

Hy stel sy toevlug op die Here. Daar sit iets in van wat met ons gebeur wanneer ons gaan Nagmaal vier. Die Here roep ons Nagmaaltafel toe en daar bevestig Hy aan ons sy bystand: Hy het ons met Hom versoen; Hy maak vir ons 'n toekoms gereed waar Hy ons in sy "heerlikheid opneem." Hy bevestig net soos aan Asaf dat Hy ons sal voortlei deur sy raad. Deur al ons spannings en twyfel en selfs opstand sal Hy ons lei totdat ons die gladde waters van die hiernamaals ingaan.

Maar die eis bly: Bid en bely en soek die Here in sy heiligdom. Dink aan al hierdie dinge wanneer u aan die Nagmaaltafel sit, en laat die Heilige Gees u versterk en as't ware die bande van liefde en bystand tussen God en u weer nuut smee.

## Huisbesoekstukkies 19.

Psalm 92.

### 1. Inhoud.

Hierdie Psalm is deur die Joodse gemeente op die Sabbat tydens die môreoffer gesing. Hulle het gesing dat die dade van die Here goed is, en daarvoor het hulle Hom geloof en geprys. Hulle het Hom nie net geprys omdat Hy geprys moet word nie - hulle het Hom ook geprys omdat Hy soveel seëninge en goeie dinge vir die mense doen.

Die lofprysing was bedoel om vir die Here te sê hoe die gelowiges oor die Here se genade voel: Die Here se genade is soos die oggendlig wat die donkerte van die nag verdryf. Die Here se trou is die gelowige se metgesel in die nag (nag sinspeel op tye van swaarkry en lyding).

Die Psalm maak 'n onderskeid tussen die gelowiges en die wat nie instaat is om die genade van God in sy werk raak te sien nie. Die Psalm sien al die dinge raak wat "dom" mense (v.7) nie kan raaksien nie. Die Here se werke is groot en die gedagtes van die Here is diep (v.6.) en daarom is ons bly oor die dinge wat die Here doen. Dit laat ons jubel.

Die dinge het bepaalde betekenis vir die mense wat die Here nie op die Sabbat kom loof en prys nie. Hulle gaan onder gaan en uiteindelik vir ewig in die hel beland (v. 8, 9, 10).

Die geloofsuitlewering van die gelowige moet al hoe meer skitter soos wat hy ouer word (13 - 15). Hy moet regop groei soos 'n palmboom: die simboliek is dat sy hele lewe een reguit lyn boontoe - in die arms van die Here in - moet vertoon.

Die boom staan in 'n besondere plek: hy is geplant in die huis van die Here. en sy blare versier die voorhof van die Here se tempel (v.14). Die boom is besonders, want as hy al baie oud is, dra dit nog steeds vrugte en groei die boom nog groen en welig soos 'n jong boom (v.15).

### 2. Toepassing.

Die Here maak dit baie duidelik dat Hy sy gemeente in die kerk - en veral in die erediens - soek. Die Psalm is gerig op 'n gemeentelike samekoms waar daar geoffer word. Dit is 'n erediens. Hierdie geleentheid is in 'n sekere sin 'n geleentheid waar die wat sê dat hulle glo, hulle ware kleure kan wys, want hulle is daar saam om te aanbid en God te verheerlik.

Dit is 'n merkwaardige groepie mense hierdie, want tot in hulle gryse ouderdom volhard hulle in hierdie kerklike aanbiddingslewe. Hulle is mense wat niks kan doen sonder om dit uit die Here en vir die Here te doen nie, want die Bybel beskryf juis dat hulle wortels in die kerk lê. Daarom is hulle blare (hulle lewensvertoon) in die voorhove van die Here - dit is simbolies van 'n lewe wat die ewigheid bereik.

Dit is net 'n ware gelowige wat voluit in die kerk lewe wat hierdie eindpunt kan bereik.

## **2.2. Waar daar vermaan moet word.**

Die waarskuwing is baie duidelik: daar is ook mense in die verbondsvolk (gemeente) wat deur die Bybel as "dom" beskryf word. Hulle gaan verlore omdat hulle nie deel was van die lof wat aan die Here toegebring was nie. Hulle gaan verlore. Sorg dat u kerkbesoek en deelname aan die kerklike lewe nie die bewys raak daarvan dat u deel is van hierdie spesifieke groepie nie.

### **Huisbesoekstukkies 20.**

Jesaja 38: 17.

#### **1. Inhoud.**

Lyding laat ons die almag van God sien en bely.

Hiskia was in die krag van sy lewe toe hy baie ernstig siek geword het. Moontlik was hy gewond in 'n geveg, want die Bybel sê dat hy 'n sweer gehad het wat die oorsaak van sy ellendes was.

Dit is belangrik om te let op wat alles deur Hiskia se gemoed gegaan het toe hy besef dat die dood naderstaan. Hy het meteens diep gedink oor die lewe en die waarde daarvan:

- Hy was diep ontsteld, want hy het gevoel dat hy beroof word van baie jare van sy lewe (10). Hy wou nie jonk doodgaan nie.
- Hy het besef dat Hy die Here nie meer saam met die ander mense in hierdie lewe (land van die lewendes) sou kon dien nie (11).
- Die dood breek hom ook los van sy band met sy mense (11).
- Hiskia het die nietigheid van die mens baie skerp belewe, want hy vergelyk dit met 'n herderstent (wat meestal maar net 'n groot vel was) wat opgerol en weggedra word; of soos 'n stuk materiaal wat klaar geweef is en nou van die wewersbalk afgehaal word (12).
- Hy het ook maar soos ons in die nag gelê en worstel met hierdie probleem, en teen die vroeë môre eers tot rus gekom wanneer ander dinge sy aandag begin aflei (12).
- Sy gebede klink vir homself maar swak en verdrietig soos voëlgeluide in die môre net voor dit lig word (14).

#### **2. Toepassing.**

Wat is die eindproduk van Hiskia se worsteling? Veral twee dinge:

1. Hy neem sy toevlug na die Here toe en smee die Here om sy Borg te wees. Hy kan die dood nie aanpak as die Here se verlossende genade nie by hom is nie (15).
2. Hy bely voor die Here dat die Here dat ons teen baie dinge te staan kom waarteen ons magteloos is, maar dat die Here dit vir hom kan verander. Daarom smee hy die Here om hom te laat lewe (16).

Uit vers 17 word die sin van ons eie lyding en swaarkry ook duidelik: eers wanneer ons self ervaar watter verwoesting die sonde en alles wat daarmee saamgaan oor ons bring, kan ons die herskeppende en reddende genade van God verstaan. Ons moet dus eers kennis maak met die volle betekenis van die Here se woorde "vervloek is die aarde om jou ontwil" voordat ons sal verstaan watter geweldige groot daad die Here Jesus verrig wanneer Hy ons uit 'n siekbed/armoede/rusie/haat laat opstaan en ons gesond en bevry verder laat lewe. Dit kry natuurlik sy hoogtepunt die dag wanneer Hy ons liggame uit die grafte laat opstaan en weer met ons siele verenig, en ons as volmaakte en vrygespreekte mense ewig tot die nuwe aarde (praattaal: hemel) toetree.

## **2.1. Waar daar vrede is.**

Ons het nou weer die geleentheid om die Here as lewendes aan die nagmaaltafel te gaan verheerlik. Met die nagmaalviering verkondig ons dat die Here Jesus se almag so groot is dat Hy sy lewe kon aflê om die straf vir ons sondes te dra, en dat Hy uit die dood opgestaan het op die oomblik toe Hy besluit het om dit te doen.

Soos wat die Here Hiskia destyds gesond gemaak het, so beskerm Hy ons vandag nog deur ons ook by te staan wanneer ons siek is en ly. Ons besef net meer: Uiteindelik laat die Here ons nie uit hartseer of 'n siekbed opstaan nie, maar uit die dood.

## **Huisbesoekstukkie 21.**

Psalm 128.

### **1. Inhoud.**

Die Here seën die huis waar Hy opreg en van harte gedien word.

Die Huisgesin word hier simbool van die kerk van die Here. Die eerste belofte van die Here is dat in die huis waar Hy gesoek word, Hy "alle ander dinge" sal byvoeg. Mens kan nooit te veel van die Here verwag nie, want die Here seën elke mens wat Hom vrees en in sy lewe doen wat die Here van hom verwag.

Die Psalm trek grense om dinge wat die Here gee en wat Hy nie gee nie, uitmekaar te haal. Dinge soos mag en finansiële rykdom lê nie binne die grense van die dinge waarna ons moet streef nie. Daarom word dit verswyg. Die dinge waarna ons wel mag streef, word opgenoem:

- Daar sal goeie oeste wees - maar die voorwaarde is dat die landbouer hard moet werk. Die beeld wat die Here gebruik is om aan te toon dat daar baie rampe geloer het langs die pad, maar die Here het die gelowige met sy besittings daarby verby gevoer: dinge soos droogte; siektes onder die plante en die vee; onvrugbaarheid by die diere en die plante. Die voorspoed word deur die Here gegee (v.2.).
- Die tweede deel van die seën gaan oor die huisgesin. Die liefdevolle hand van die Here gaan ook daar saam. Die vrou word geteken as 'n vrugbare wingerdstok. Daarmee word die gelowige vrou se geestelike kwaliteite uitgebeeld. (Dink aan die Here wat Homself ook 'n Ware Wynstok noem!).
- Die derde seën kom na vore in die goeie verhouding tussen ouers en hulle kinders wat

soos olyfboompies rondom die tafel sit. Dit gaan weereens nie in die eerste plek oor die hoeveelheid kinders nie, maar oor die kwaliteit van die verhouding tussen ouers en kinders. Die olyfboom het olie gegee wat vir baie dinge gebruik is, o.a. om lig te maak; en om mense mee te salf. In die laaste geval is die olie die simbool van die Heilige Gees wat uitgestort word oor die gesalfde.

- Die man word geseën aan sy tafel. Daar is 'n maaltyd met die seën van die Here. Dit is waarskynlik 'n sinspeling op die Pasga (Nagmaal).

## **2. Toepassing.**

Al hierdie dinge teken die lewensgeluk van die vrome. Die oprings van dit wat hy verdien en die vrede wat hy in sy huisgesin ervaar, is tekenend van die teenwoordigheid van die Here.

Die Psalm word afgesluit deur aan te dui waar die seën vandaan kom. Die seën kom uit Sion uit. Sion is die verwysing na die toekomstige Jerusalem. Die seën van die Here is ook onvolkome as dit net oor een mens kom. Dit bereik eers sy volheid as dit oor al die kinders van God saam uitgegiet word. Daarom word die beeld van die huisgesin uitgebrei: jy en jou kindskinders gaan saam deelneem om die seën van die Here te ontvang. Dit sien op die kerk tot in die verste geslagte.

Die oproep van die Here geld nou vir ons. Die Hoof van die kerk wil sy kinders saam aan een tafel hê. Daarom roep Hy ons saam aan die Nagmaaltafel waar Hy sy volle genade aan ons bevestig wanneer ons die versoening deur die dood van Jesus Christus herdenk.

## **Huisbesoekstukkie 22.**

Maleagi 1:13.

### **1. Inhoud.**

Die tweedebeste is nie vir die Here goed genoeg nie!

### **2. Toepassing.**

Soms doen ons dinge verkeerd omdat ons te lui is. As dit by geld kom, is ons soms te suinig om die Here behoorlik daarmee te dank. Dit gaan so op feitlik elke terrein van ons aanbidding. Ons probeer dan ons gewetes sag maak deur iets plaasvervangends te doen of te gee.

Hoe ervaar die Here sulke optrede? Die Here voel ons onteer Hom met sulke optrede (v.6). Hy ervaar dit dat ons nie die nodige respek vir Hom het nie (v.6). Hy sê dat 'n afskeepgodsdienst Hom - sy Naam - verag (v.6).

Dit gaan in hierdie saak nie net oor kerklike bydraes nie. Dit gaan oor ons totale godsdiensoefening. Daar word offers gebring wat minderwaardig is (v.8). selfs die tafel van die Here word verag (v.7).

#### **2.1. Waar daar vrede is.**



Die Here het altyd genade. In vers 9 stel die Here baie mooi hoe 'n mens wat iets verkeerd gedoen het, moet optree.

- Hy moet smEEK vir genade - dan gee die Here vir hom genade.
- Hy moet sy skuld voor die Here bely - dan word die Here goedgesind.

## **2.2. Waar daar hartseer is.**

In vers 2 openbaar die Here sy liefde. Hy wys ons daarop dat Hy ons nie liefhet omdat ons goed of oulik is nie. Hy het ons onvoorwaardelik lief. Hy wys daarop dat Hy Jakob, wat 'n skelm was, liefgehad het.

Die Here verseker ons dus dat sy liefde altyd onvervreembaar by ons bly. Ons moet net daarop antwoord met die beste van ons eie liefde.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Gee vir die Here jou heel beste. Die Here raak so ongeduldig met mense wat die tweedebeste vir Hom aandra, dat Hy eintlik wens dat iemand die tempel(kerk)deure wil gaan toesluit dat niemand met 'n skeinheilige gesig of met 'n tweedebeste offer daar kan instap om Hom daarmee te gaan aanbid nie (v.10). Die Here daag die volk uit om die tipe offers vir die regering te gee wat die kerkvolk vir Hom bring. Hy wys daarop dat die regering so 'n landsburger glad nie goedgesind sal wees nie (v.8).

In vers 14 vervloek die Here die mense wat Hom probeer bedrieg. Weet jy wat beteken die vloek van God?

Om vir God iets minder as jou beste te gee, is om jouself te mislei. Dit wys dat daar dinge en omstandighede in jou lewe is waarop jy 'n hoër premie plaas as op God se eer. Anders gesê: Daar is dinge in hierdie tydelike lewe wat vir jou belangriker is as die ewige lewe. Hoe kan God dit anders sien as om beledig te wees.

## **Huisbesoekstukkies 23.**

Job 42:2.

### **1. Inhoud.**

Lewe doelgerig - veral in krisissituasies. Die druk van die lewe val ons op verskillende terreine toe.

- Daar is op almal van ons arbeidsdruk. Almal weet hoe maklik iemand sy werk kan verloor deur regstellende aksie of wanneer personeel gesny word. Daar word oor die algemeen meer van ons gevra as wat ons kan gee.
- Daar is baie keer spannings oor ons verhoudings met ander mense (kinders, ouers, predikant, kerkraad, buurman, e.a.).

Spanning het die manier om ons van ons ewigheidswaardes af los te woel. Ons voel soms asof die

Here ons dalk vergeet het. Dikwels vra 'n mens die vraag of geloof in die Here die moeite werd is as die lewe sulke donker voue om 'n mens maak. Job het in sulke donker oomblikke die volgende kwytgeraak:

My dae is vinniger as 'n wewerspoel en verdwyn sonder verwagting. Bedink tog dat my lewe wind is; my oog sal die voorspoed nie weer sien nie (Job 7:6-7).

## **2. Toepassing.**

Dit is juis in sulke tye wanneer ons moet besef dat ons ons lewenswaardes nie mag verloor nie. Ons moet nie die sin van die lewe bevraagteken nie, want dan bevraagteken ons God se vermoë om te beplan en te regeer. Sulke twyfel lei ons om later te vra of God regtig bestaan. Dit laat ons wonder of wat die doel van jou lewe is.

God bestaan wel, en Hy het altyd met ons lewe 'n doel, al kan ons nie nou ver genoeg sien om te weet wat die doel van God se lewe met ons is nie. Daarom is daar net een resep om uit spanning en 'n krisis uit te kom: Wees nugter en bid.

### **2.1. Waar daar vrede is.**

Gebed is 'n versekering teen wanhoop. Daarom sê Job in sy gebed dat hy weet dat God alles kan doen. Daar is geen enkele ding wat die Here nie kan uitvoer nie. Die Here sal jou die nodige insig gee om te kan sien waar jy dinge kan regmaak; om te sien waar jy foute gemaak het; om te kan beplan sodat jy weer die trappies na boontoe kan klim.

Onthou te alle tye dat God se vermoë onbeperk is. Hy kan sake wat vir ons meer as hopeloos lyk, regstel. Hy kan red en verlos waar ons dink dat ons by hopeloosheid verby is.

"Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit."

### **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Job se belydenis dat God alles kan doen, sny na twee kante toe. Hy het besef dat die onkeerbaarheid van God se raad ook die oordeel oor hom kan verseker. Daarom het hy sy saak met die Here in orde gekry deur vir die Here te sê dat hy dadelik alles wat hy gesê het, herroep en dat hy berou het in stof en as.

As die Here in sy toelaatbare wil dit toegelaat het dat Job se sewe kinders almal op een dag doodgaan, en dat al sy besittinge en slawe op dieselfde dag geroof en doodgemaak word, hoeveel te meer sal die toorn van die Here nie lyk as Hy kwaad is nie?

Elke mens wat iets van God begryp moet op die punt kom waar Job was toe hy gesê het:

"Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as."

'n Sinvolle gebedslewe sal ons uit ons vervalendheid laat opstaan. Dit is ons versekering teen wanhoop. 'n Sinvolle gebedslewe sal ons 'n fermere greep op die lewe gee. Die Here Jesus Christus laat nooit sy greep op ons los nie, daarom moet ons ook nie die greep van ons verantwoordelikheid teenoor Hom laat skiet nie.

## Huisbesoekstukkies 24.

Psalm 126.

### 1. Inhoud.

Dit gaan oor die trou en die liefde van die Here waarmee Hy ons lot verander. Die Psalm is >n Pelgrimslied. Pelgrimsliedere was altyd gesing wanneer die volk opgetrek het vir feesgeleenthede - soos met die Pasga. Die Pasga het later die Nagmaal geword, toe die Here Jesus aangekondig het dat die ou verbond (werkverbond) vervul is en dat Hy die Hoof word van die nuwe verbond (genadeverbond). Dit is waarom Hy die beker aankondig as die nuwe testament in sy bloed.

Wat was die betekenis van die Nagmaal? Dit was >n herdenking van die uittog uit Egipte. Daarmee het hulle die almag van God herdenk waarmee die Here hulle van >n slawevolke af verander het tot >n vrye volk. Vir hulle was dit ook >n oorwinning oor die wêreld.

Presies dit staan ook in hierdie Psalm. Die Here het die lot van Sion verander. Iets wat sleg was (om slawe te wees in Egipteland) het meteens verbygegaan - hulle lot is verander (v.1). Vir hulle was dit soos >n droom. Die seën van hulle vryheid deur God se genade was soos die onwerklikheid van >n droom. Daarom het hulle gelag en gesing van blydschap (Exodus 15 - die lied van Moses).

Die belydenis dat God sy uitverkorenes (=Sion) verlos het, kom van twee kante af:

- die heidene bely dit (v.2b).
- die kerk bely dit (v.3).

Jare later bid die skrywer van die Psalm in vers 4 >n kort gebed namens die verbondsvolk (natuurlik het hy die redding uit Egipteland in sy gedagte): Die Here verander dikwels die dorre woestynagtige Suidland se droë lope in strome met water. Die toestand waarin hulle tydens sy gebed vasgevang was, was soos die droë woestyn, maar die Here kan dit in seën verander, soos wat die Here die uittog uit Egipte destyds gebruik het om verlossing te bewerk.

Die merkwaardige is dat die Here hierdie gebed met >n besliste Anee@ antwoord, en dan motiveer waarom. Die motivering is dat die wat met tranes saai, sy oes later met >n gejuig inbring. Die Here herhaal die beeld weer en keer deur daarop te wys dat >n saaiers soms so moeg is dat hy huil soos wat hy met die swaar sak vol saad om sy nek loop en die kluite sy voete moer soos wat hy vorentoe strompel terwyl hy saai - maar hy kry nie toestemming om op te hou saai nie, want die saad moet in die grond kom. Hierdie man gaan sy koringgerwe juigend in sy skuur indra as die oesdag daar is.

### 2. Toepassing.

Dit gaan oor ons volle geloofslewe. Die Here kan ons nie onthef van die swaarkry van ons verantwoordelikheid in die lewe nie, want die saad moet in die grond kom. M.a.w. ons het >n roeping wat nie kan gaan stilstaan of nagelaat word nie.

## **2.1. Dankbaarheid.**

Dit is waar die Nagmaal inpas. Net soos wat die Pasga >n herdenking van die uittog uit Egipte was, is die Nagmaal >n herdenking van God se almag wat ons lot verander het omdast Hy die duiwel en sy magte verslaan het deur die bloed van die Here Jesus. Met die Nagmaal herdenk ons die almag van God waarmee die Here ons van >n sondevolk af verander het tot >n oorwinnende volk oor die mag van die duiwel. Ons is >n bevryde verbondsvolk. Vir ons was dit ook >n oorwinning oor die wêreld.

## **2.2. Waar daar vrede en hartseer is.**

Die pyn in ons lewe sal/moet altyd bly, want dit het >n funksie: daarin word ons verantwoordelikheid en lewensroeping vasgevat (die saad kom voor die reën in die grond). Maar die Here belooft en verseker dat dit oestyd (met die wederkoms) vervang gaan word met totale vreugde.

## **2.3. Waar daar vermaan moet word.**

Moet nie met die Here sukkel en Hom uitdaag met moedswillige onverantwoordelikheid nie. Onthou dat die lotsverandering van die verbondsvolk juis die dood en ondergang van die vyande van die Here beteken.